higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# KUNSGESKIEDENIS N6

(3050566)

**24 Mei 2021 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

021Q1J2124

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KUNSGESKIEDENIS N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**LET WEL:** Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.


---

Kopiereg voorbehou

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1**

Bestudeer ILLUSTRASIE A en beantwoord die vrae.



Andrew Tift, 1993, *There is no substitute*, 122 cm × 90 cm, akriel op doek

**ILLUSTRASIE A**

1.1 1.1.1 Noem TWEE perspektiewe in die skildery. (2 × 3) (6)

1.1.2 Identifiseer en bespreek die emosionele eienskappe in hierdie werk. (3)

1.1.3 Identifiseer DRIE voorwerpe of aspekte met simbolies betekenis en verduidelik wat jy dink die betekenis is. (3)

1.2 Oordink die titel van die kunswerk en gee jou mening oor die betekenis van die werk. (2)

**[14]**

**VRAAG 2**

Bestudeer ILLUSTRASIE B noukeurig en beantwoord die vrae.




Kerry James Marshall, 1997, *Past times*, akriel en collage op doek

**ILLUSTRASIE B**

2.1 Die reusedoek met die titel 'Vergange tye' deur die Chicagose skilder Kerry James Marshall, is verkoop vir $21,1 miljoen plus kommissie. Die prys was vier keer hoër as die vorige hoogste op 'n veiling vir Marshall, 'n toonaangewende Afro-Amerikaanse kunstenaar, wat 62 is en al 40 jaar skilder.

2.1.1 Hoe het die kunstenaar ritme geskep in hierdie werk? (2)

2.1.2 Bespreek die kunstenaar se unieke styl, medium en tegniek. (3)

2.2 Verbeel jou jy is die afslaer wat die werk gaan opveil. Kontekstualiseer die kunswerk kortliks. (5)

**[10]**

**VRAAG 3**

Bestudeer ILLUSTRASIE C en beantwoord die vrae.



Martin Shongauer, 1480, *The temptation of Saint Anthony,* op koper gegraveer

**ILLUSTRASIE C**

3.1 3.1.1 Verduidelik die tegniek wat die kunstenaar gebruik het om hierdie werk te skep. (4)


3.1.2 Bespreek die komposisie met spesiale verwysing na lyn en balans. (4)

3.2 Verduidelik die storie wat in die kunswerk uitgebeeld word. (1)
**[9]**

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

## VRAAG 4

Bestudeer ILLUSTRASIE D en beantwoord die vrae.




**1** **2** **3**

Edvard Munch, 1893-1910, *The scream*

**ILLUSTRASIE D**

4.1 Edvard Munch het vier weergawes van hierdie skildery in verskillende media geskep. Dit word beskou as 'n meesterlike weergawe van die psige deur middel van figuur en kleur. Buiten dat dit dikwels geparodieer word, is dit ook een van die mees gesteelde skilderye en is dit dikwels die onderwerp van hoëprofiel kunsrowe.

Watter EEN van die drie werke is Munch se oorspronklike skildery? (1)

4.2 Hierdie kunswerke is een van die 10 mees geparodieerde kunswerke.

Is dit volgens jou 'n bespotting van die oorspronklike kunswerk of is dit aanvaarbaar om 'n kunswerk op hierdie manier na te maak? Gee redes vir jou antwoord. (3)

4.3 Bespreek kortliks die styl en tegniek van die skildery wat u in VRAAG 4.1 gekies het. (3)

**[7]**

**VRAAG 5**

In hul soeke na waarheid het die impressionistiese skilders probeer om 'n optiese indruk van lig/helderheid en kortstondigheid/oorganklikheid ('luminous and transitory') te skep en gevolglik het hulle vorm afgeskeep/verwaarloos ('neglected'). Alhoewel die leek dit nie verstaan nie, stem die impressionisme ooreen met die evolusie van hedendaagse idees.

Bespreek die stilistiese kenmerke van Impressionisme deur die terminologie in bostaande stelling te verduidelik. Verwys na EEN kunswerk van enige Impressionis om jou antwoord te staaf. Gebruik die volgende as opskrifte:

5.1 Impressionistiese soeke na waarheid (3)

5.2 Impressionistiese skilders het probeer om 'n optiese indruk van en helderheid kortstondigheid ('luminous and transitory') te skep (6)

5.3 Vorm is afgeskeep/verwaarloos (3)

5.4 Leke verstaan dit nie. (Bespreek die oorsprong van die term *Impressionisme*, die rol van die Salon des Refusés of enige ander kritiek op die werk). (5)

5.5 Impressionisme toon ooreenstemming met die evolusie van hedendaagse idees. (3)
**[20]**

**VRAAG 6**

Die kortstondige Nederlander Vincent Van Gogh het slegs die afgelope tien jaar van sy lewe geskilder maar was 'n sleutelfiguur in die geskiedenis van die post-impressionistiese skilderkuns. In teenstelling met die stadige Cezanne kon hy nie weer stop nadat hy eers begin het nie en het byna 900 skilderye geverf – gemiddeld een elke vier dae.

Vergelyk die verskillende skildertegnieke en benaderings van die TWEE post-impressionistiese kunstenaars wat in die bostaande paragraaf genoem is. Verwys in jou analise en bespreking van geselekteerde kunswerke hoe elke kunstenaar weggebreek het van tradisionele Westerse voorstellings. (10 × 2) **[20]**

**VRAAG 7**

Die eerste Fauvist-uitstalling in die Salon d'Automne in 1905 het 'n lang tradisie van moderne en kontemporêre kuns begin. Dit het die publiek geskok het en die kritikus Louis Vauxcelles (wat ook aan Kubisme sy naam gegee het) aangespoor om die skilders Fauves te noem, die Franse term vir 'wilde diere'.

Verduidelik waarom die kritikus hierdie Franse kunstenaars 'wilde diere' genoem het. Bespreek die kunswerke van EEN Fauve-kunstenaar wat jy bestudeer het en verwys na die gebruik van kleur en die voorstelling van die ruimte. **[20]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 8

Nietzsche het geskryf: 'Wat wonderlik is van die mens, is dat hy 'n brug is en nie 'n doelwit nie; waarvan jy in die mens kan hou, is dat hy bo-oor en onderdeur kan gaan'. Nietzsche se uitspraak was die oorsprong van die naam van een groep ekspressioniste: Die Brug.

8.1 Hou hierdie stelling in gedagte en gee 'n vergelykende bespreking van die filosofiese verskille tussen die twee vertakkings van die Duitse Ekspressionisme. (6)

8.2 Kies en bespreek EEN van die takke van die Duitse Ekspressionisme deur die kunswerke van EEN kunstenaar te ontleed wat die ekspressiewe ondersoek het deur gebruik te maak van die distorsie van vorm. (14)
**[20]**

## VRAAG 9

Die onderwerp en tegniek was belangrike elemente van die Kubiste se skilderkuns omdat dit hul realistiese bedoelings beklemtoon het.

Verduidelik hierdie stelling deur EEN werk uit elke fase te bespreek en die verskillende benaderings tot die keuse van onderwerp en verkenning van tegnieke te beskryf.

**LET WEL:** Punte sal vir die volgende toegeken word:

- Eerste fase (7)
- Tweede fase (7)
- Derde fase (6)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 140**

## AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.

## VRAAG 10

Die doel van Futurisme was om sensasies uit te beeld as 'n 'sintese van wat jy onthou en wat jy sien' en om vas te vang wat hulle die 'kraglyne' van voorwerpe noem.

Brei hierdie stelling uit deur die kunswerke van TWEE Futuriste te ontleed. **[20]**

**OF**

**VRAAG 11**

Suprematisme was 'n kunsbeweging wat gedurende die Eerste Wêreldoorlog in Rusland tot stand gekom het. Die eerste tekens daarvan het na vore gekom in agtergrond- en kostuumsketse wat Kazimir Malevich in 1913 ontwerp het vir *Victory over the sun*, 'n futuristiese opera wat in St. Petersburg opgevoer is. Hoewel die tekeninge steeds 'n duidelike verband het met Kubo-Futurisme ('n Russiese kunsbeweging waarby Malevich prominent betrokke was), verskyn die eenvoudige vorms wat 'n visuele basis vir Suprematisme bied herhaaldelik.

Brei hierdie stelling en agtergrondinligting uit deur die gebruik van eenvoudige vorms in Malevich se werk te bespreek. **[20]**

**OF**

**VRAAG 12**

Onder leiding van die Nederlandse kunstenaars Piet Mondrian en Theo van Doesburg het De Stijl vooroorlogse dekoratiewe neigings verwerp en die Kubisme tot nuwe hoogtes gedryf: totale abstraksie wat slegs uit basiese ontwerpkomponente bestaan.

Bespreek die stylkenmerke van De Stijl deur die kunswerke van Piet Mondrian te ontleed. **[20]**

**OF**

**VRAAG 13**

As 'n woord is dit onsin. As 'n beweging was Dada egter een van die revolusionêre kunsbewegings in die vroeë twintigste eeu. Dit is aanvanklik bedink deur 'n los groep avant-garde moderniste in die aanloop tot die Eerste Wêreldoorlog, maar het verder ontwikkel in die nasleep daarvan. Die Dadaïste het geluk in plaas van logika gevier/bewonder en irrasionaliteit eerder as berekende opset/voorneme.

Brei hierdie stelling uit deur die werk van TWEE Dadaïstiese kunstenaars te ontleed. Verwys na die volgende in jou bespreking:

- Keuse van onderwerp
- Rol van geluk ('chance')
- Invloede op latere kunsbewegings **[20]**

**OF**

**VRAAG 14**

Salvador Dalí se grootste bydrae tot die Surrealistiese beweging was wat hy die 'paranoïes-kritiese metode' genoem het, 'n geestesoefening om toegang tot die onderbewussyn te verkry om artistieke kreatiwiteit te verhoog. Dalí het die metode gebruik om werklikheid te skep uit sy drome en onderbewuste gedagtes 'n en het sodoende die werklikheid verander in wat hy wou hê en nie noodwendig wat dit was nie.

Analiseer en bespreek ten minste TWEE van Dali se kunswerke wat die kunstenaar se pogings om 'n nuwe werklikheid uit droombeelde te skep, toon. (10 × 2) **[20]**

**OF**

## VRAAG 15

Destyds was die term 'Abstrakte Ekspressionisme' moeilik om te verstaan. Harold Rosenburg het 'aksieskildery' verkies en die kunskritikus Clement Greenberg 'Amerikaanse tipe skilderye'. Nie al die kunstenaars wat met die term geassosieer word het suiwer abstrakte of ekspressionistiese werk geproduseer nie; soms het hulle meer realistiese uitbeeldings van voorwerpe of mense geskep.

Brei hierdie stelling uit deur die TWEE hoofgroepe binne die Abstrakte Ekspressionisme te bespreek. Analiseer die kunswerke van ten minste EEN kunstenaar uit elke groep.
(10 × 2) **[20]**

**OF**

## VRAAG 16

Foto-realiste het klem gelê op die versameling van eksakte visuele inligting, geïnspireer deur fotografie eerder as tradisionele waarnemingstyle.

Bespreek hierdie stelling deur die kunswerke van TWEE fotorealistiese kunstenaars van jou keuse te ontleed. Verwys na die volgende in jou antwoord:

- Keuse van onderwerp
- Reaksie teen Abstrakte Ekspressionisme
- Verhouding met massamedia en fotografie **[20]**

**OF**

## VRAAG 17

Popkuns het begin met die New Yorkse kunstenaars Andy Warhol, Roy Lichtenstein, James Rosenquist en Claes Oldenburg wat almal gewilde beelde gebruik het en deel was van 'n internasionale verskynsel.

Kies en bespreek die werk van TWEE Amerikaanse Popkunstenaars om te wys jy verstaan hoe die Popkunsbeweging die grense tussen ware kuns ('high art') en kammakultuur ('low culture') wou laat vervaag. **[20]**

**OF**

## VRAAG 18

Die ervaring om met konseptuele kuns om te gaan, word dikwels gekenmerk deur die vermoede dat die sentrale, openbarende idee van die werk êrens net buite sig in die perifere visie van jou gedagtes is. 'n Swak konseptuele werk laat jou voel dat dit nie die moeite werd is om die idee te vind nie. 'n Goeie spoor jou aan om te bly soek.

Brei hierdie stelling uit en bewys dit deur die werk van Joseph Buys te bespreek. **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou